

Tendense van lewende wildverkope 2011

Dr Flippie Cloete

Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur,
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom-kampus

Die gemiddelde pryse vir 2011 is verteenwoordigend van 55 amptelike wildveilings wat gedurende die jaar in die onderskeie provinsies aangebied is. Die pryse weerspieël 'n verteenwoordigende of verwysingsprys vir elke spesie.

Vergeleke met die vorige jare, het wildsveilingspryse van die meeste spesies geen merkwaardige fluktuasies getoon nie. Die klein prysverskille, op of af, kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die aantal, geslag, ouderdom en samestelling van die lot wat tydens veilings verkoop is. Byvoorbeeld, die gemiddelde prys vir volwasse elandbulle wat tydens amptelike wildveilings gedurende 2011 verkoop is, het 'n beraamde R10 904 per dier behaal, wat soortgelyk is aan pryse wat in 2010 behaal is. Die prys van volwasse elandkoeie het egter 'n bietjie gedaal tot R5 598 per dier, met teeltroppe en jong bulle wat gemiddelde prys van R5 343 en R5 000 onderskeidelik per dier behaal het. Gesamentlik het dit gelei tot 'n 6,1%-daling in die gemiddelde prys vir elande vergeleke met 2010 (kyk Tabel 1). 'n Soortgelyke situasie geld vir ander meer algemene spesies, soos blesbokke met 'n 11%-daling, koedoes (-6%), waterbok (-18,1%) en bontebokke met 'n 10,4%-daling in gemiddelde prys vergeleke met 2010.

In teenstelling hiermee het veral kleurvariasies van die meer algemene spesies merkwaardige prysfluktuasies (>R1 000) in gemiddelde prys getoon. Dit sluit onder meer blouwildebees-splits, goue gemsbokke, goue blouwildebeeste, wit koedoes, asook swart en swartrug-rooibokke in. Die gemiddelde prys van blouwildebees-splits is misleidend en kan toegeskryf word aan die status, bv F1, F2 of F3, van die diere asook die aansienlike prysverskille wat daarmee gepaard gaan. Pryse vir blouwildebees-splits het gewissel tussen R2 900 en soveel as R240 000 per dier. Die gemiddelde prys vir blouwildebees-splits gedurende 2011 beloop egter 'n geraamde R23 221.

Die aansienlike toename in die prys van goue wildebeeste en swart rooibokke is te danke aan 'n oplewing in die vraag na hierdie diere, met die hoeveelhede aangebied op amptelike wildveilings wat met 134% en 86% onderskeidelik toegeneem het. Ten spyte van die aansienlike toename in aanbod, het die gemiddelde prys van goue blouwildebeeste byna verdubbel en dié van swart rooibokke met ongeveer R27 000 per dier toegeneem. Die gemiddelde prys van swartrug-rooibokke kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die prys wat gedurende September 2011 op 'n veiling in Limpopo behaal is. By die bepaalde veiling is prys van R500 000 vir vroulike en R590 000 vir 'n volwasse ram onderskeidelik behaal. Die gemiddelde prys van wit koedoes kan toegeskryf word aan 'n volwasse bul wat verkoop is vir R860 000.

Kleurvariasies wat die eerste keer op amptelike wildveil-




4 Dogters Boerdery

ings verhandel het, sluit in rooi blesbokke en bruin koedoes. Altesaam vier rooi blesbokramme is gedurende 2011 teen 'n gemiddelde prys van R8 500 stuk verhandel, met 'n bruin koe doebul wat teen R320 000 verkoop is (sien Tabel 1).

Tabel 1: Gemiddelde Wildveilingspryse 2009 tot 2011

Wildspesie	GEMIDDELDE WILDSVEILINGSPRYSE		
	2009 45 Veilings R	2010 56 Veilings R	2011 55 Veilings R
Bastergemsbok	62 993	67 178	108 219
Basterhartbees	11 280	12 127	11 832
Blesbok – wit	1 785	1 615	1 294
Blesbok – gewoon	1 328	1 262	1 122
Blesbok – geel	3 418	9 500	8 666
Blesbok – rooi			8,500
Blouwildebees	2 439	2 374	2 907
Blouwildebees – splits			23 221
Bontebok	5 500	4 000	3 583
Bosbok	4 057	2 557	4 123
Buffel – skoon	246 878	325 282	510 225
Buffel – water	27 500	35 000	
Buffel – Oos-Afrika			986 812
Bosvark			400
Dassie			500
Duiker – grys	1 183	811	2 790
Duiker – blou			10,000
Eland – gewoon	6 879	7 153	6 711
Eland – Livingstone	15 191	20 396	39 686
Emoe	1 875	707	400
Gemsbok	4 762	4 757	4 934
Gemsbok – goue			355 000
Goue blouwildebees	197 149	265 312	459 416
Jagluiperd	50 000	67 292	25 000
Kameel	19 578		
Kameelperd	13 647	18 264	14 187
Klipspringer			10,000
Koedoe – gewoon	4 894	5 417	5 089
Koedoe – wit			860 000
Koedoe – bruin			320 000
Kuifkoptarentale	1 000		
Lama	1 300		
Lichtensteinse hartbees	100 000		140 000
Letsjwe	10 175	10 369	8 625



Piet du Toit Wildbedryf

GEMIDDELDE WILDSVEILINGSPTYSE

Wildspesie	2009 45 Veilings R	2010 56 Veilings R	2011 55 Veilings R
Leeu – gewoon	28 469		64 025
Njala	7 455	6 979	6 809
Rietbok	4 218	4 650	5 000
Rooibok – gewoon	1 099	1 122	1 160
Rooibok – swart	53 412	102 672	129 809
Rooibok – swartrug			355 000
Rooibok - splits	6 597		8 000
Rooihartbees	4 409	3 971	4 314
Rooirabbok	1 910	3 097	2 857
Rooikat	2 375		
Sebra – vlakte	5 248	4 550	4 826
Sebra – Hartmann	16 688	12 250	10 127
Sebra – berg	17 750		
Seekoei		43 144	48 125
Soenie	5 511		
Springbok – gewoon	866	980	1 392
Springbok – hartwater	4 065	7 598	8 952
Springbok – swart	2 001	1 535	1 974
Springbok – wit	3 952	3 525	3 825
Springbok – koper	6 406	5 682	5 226
Springbok – Kalahari	1,553		2,486
Steenbok	1 761	5 012	4 438
Swartwildebees	2 435	2 154	2 970
Swartwitpens	121 827	117 731	152 122
Swartwitpens – Zambies			419 167
Sabelgemsbok (<i>scimitar</i>)			7 550
Takbok – fallow deer	2 500	2 286	4 350
Takbok – red deer			6,600
Vlakvark	1 133	710	1 306
Vaalribbok		2,000	
Volstruis	1 285	1 297	2 619
Waterbok	6 006	6 269	5 130
Wildehond	1 013		
Witrenoster	220 064	223 099	199 794

Die positiewe toename in die gemiddelde veilingsptyse vir siektevrybuffels is gedurende 2011 volgehou. Volwasse vroulike diere het egter 'n afname getoon in gemiddelde prys van R373 898 tot R353 738. Buffelverse het 'n gemiddelde prys van R502 142 per dier gehaal, met 'n gemiddelde prys van R903 571 vir diere wat as deel van 'n teeltrop aangebied is. Die gemiddelde prys van teeltroppe is positief beïnvloed deur die aantal dragtige asook vroulike diere met kalwers wat verkoop is. Die veilingsptyse vir teeltroppe het gewissel van R175 000 tot R2,6 miljoen per dier. Die gemiddelde veilingsprys van volwasse buffelbulle het ook aansienlik toegeneem van R276 725 in 2010 tot R684 932 in 2011. Die toename in die gemiddelde prys van buffelbulle kan deels toegeskryf word aan prys wat tydens die Thaba Tholo-veiling in Limpopo behaal is, waar 16 bulle teen 'n gemiddelde prys van R1,5 miljoen stuk verkoop is. Tydens dieselfde veiling is 'n nuwe SA-rekord behaal met 'n buffelbul wat vir R18 miljoen verkoop is. Die gemiddelde prys van jong buffelbulle gedurende 2011 beloop R106 740 per dier.

Die gemiddelde prys van swartwitpense het dieselfde tendens as dié van buffels gevolg. Vergeleke met 2010, het die gemiddelde prys van swartwitpense met 29,2% of R34 391 toegeneem tot 'n gemiddeld van R152 122

Vervolg op bladsy 21 ➔



Thaba Tholo





Tendense van lewende wildverkope 2011

♦ Vervolg vanaf bladsy 19

per dier. Die stygging kan toegeskryf word aan die gemiddelde pryse van volwasse vroulike diere, wat 'n toename in gemiddelde pryse van R177 334 in 2010 tot R206 379 in 2011 getoon het. Swartwitpensbulle, volwasse en jonk, het gemiddelde pryse van R102 425 en R34 035 onder-skeidelik gedurende 2011 gehaal.

Die gemiddelde veilingspryse van witrenosters het ook 'n daling getoon vergeleke met 2010. Dit kan ook hoofsaaklik toegeskryf word aan die hoeveelheid en daling in die gemiddelde prys van jong manlike diere met die gemiddelde prys van volwasse, beide manlike en vroulike diere, wat feitlik onverander gebly het vergeleke met 2010.

Verskeie wildspesies het gedurende die 2011-seisoen ook hul rekordpryse wat voorheen gehaal is, oorskry of geëwenaar. Tabel 2 gee 'n aanduiding van rekordpryse wat deur die onderskeie spesies gehaal is. Daar moet egter opgelet word dat slegs sekere spesies hul rekordpryse in 2011 oorskry het. Desnieteenstaande word alle spesies se hoogste prys vir die afgelope 19 jaar vertoon. In die geheel het 26 spesies hul hoogste prys in 2011 gehaal of geëwenaar en word dienooreenkomsdig uitgelig.

Tabel 2: Rekord-wildveilingspryse 1992 – 2011

Wildspesie	Rekord-pryse R	Wildspesie	Rekord-pryse R
Addaks	40 000	Luiperd	40 000
*Bastergemsbok	220 000	*Njala	33 000
*Basterhartbees	32 500	Olfant	90 000
Bengaalse Tier – gewoon	40 000	Rietbok	8 000
Blesbok – wit	4 700	*Rooibok – gewoon	21 000
* Blesbok – gewoon	15 500	*Rooibok – swart	240 000
*Blesbok – geel	10 000	Rooibok – swartneus	8 000
*Blouwildebees	29 000	* Rooibok – splits	9 000
*Blouwildebees – splits	240 000	*Rooibok – swartrug	590 000
Bontebok	15 500	Rooihartbees	8 100
Bosbok	8 100	*Rooiribbok	5 000
*Buffel – skoon	18 000 000	Rooikat	3 500
Buffel – water	35 00	Sebra – vlakte	11 000
Bosvark	1 250	Sebra – Hartmann	18 000
Bergbok	3 600	Sebra – berg	25 000
Bergskaap	4 000	Seekoei	61 000
Dassie	1 100	Soenie	5 511
*Duiker – grys	5 600	Springbok – gewoon	2 400
*Duiker – blou	10 000	Springbok – hartwater	22 000
Dwergbok	3 160	Springbok – wit	6 400
*Eland – gewoon	205 000	Springbok - koper	9 000
* Eland – Livingstone	800 000	Springbok – Kalahari	2 650
Emoe	4 500	*Steenbok	8 000
Eekhoring	120	Swartwildebees	4 400
*Gemsbok	10 000	*Swartwitpens	2 100 000
*Goue gemsbok	370 000	Sabelgemsbok (<i>scimitar</i>)	22 000
Grysbok	2 500	Springhaas	60
Gekolde katte	10 200	Swartrenoster	602 500
*Goue wildebees	900 000	Takbok – fallow deer	3 200
Hiëna	500	Takbok – red deer	1 200
Jagluiperd	75 000	Vaalribbok	6 000
Kameel	19 500	Vlakvark	3 500
Kameelperd	38 500	Volstruis	4 700
*Klipspringer	10 000	*Waterbok	28 000
*Koedoe	48 000	Wildekat	1 800
*Koedoe – wit	860 000	Witrenoster	720 000
Kuifkoptarentale	1 200	Wallaby-haas	6 000
Lama	5 500	Wildehond	15 500
*Lichtensteinse hartbees	140 000	Ystervark	500
Letsjwe	23 000	Zambiese swartwitpens	3 000 000
Leeu – gewoon	300 000		

*Rekordprys in 2011 gehaal of geëwenaar

Ten slotte kan genoem word dat ongeveer 15 500 diere gedurende die 55 wildveilings, wat in die databasis ingesluit is, in 2011 verkoop is. Hierdie diere het 'n totale omset van R540 miljoen gegenereer. Soortgelyk aan vorige jare blyk dit uitveral die stygende toename in die gemiddelde prys van skaars wildspesies, en spesifiek buffels, dat die volgehoue intensiewe teling en seleksie van die afgelope dekade bygedra het tot die verhoogde gehalte van die diere wat op veilings aangebied word en sodoende ook die hoër prys. Hierdie tendens is ook 'n positiewe teken dat 'n hoë mate van beleggingsvertroue steeds in die wildbedryf heers. Dit blyk dus dat 2011 oor die algemeen 'n goeie en suksesvolle jaar vir die lewende-wildhandelbedryf was.